Ons het reeds gewen

2010-05-30 17:27

Johan Fourie

Grafika: Jaco Grobbelaar

Toe Match, die amptelike agentskap wat verblyf namens Fifa hanteer, middel-April 300 000 kamers terug op die mark geplaas het, het hulle onomwonde erken dat hul projeksies van die hoeveelheid toeskouers wat Suid-Afrika tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi kan verwag, heeltemal te hoog was.

Die toerismebedryf is hard hierdeur getref, selfs voordat die eerste fluitjie geblaas het.

Dan praat ons nie eens nie van diegene wat kamers en woonstelle ten duurste laat aanbou het in afwagting op die verwagte massas toeriste.

Die verwagting is beslis nie meer dat 450 000 toeriste Suid-Afrika tydens die maandlange toernooi sal besoek nie.

Dit sal waarskynlik rondom 300 000 of selfs 250 000 wees, indien ons gelukkig is.

Maak dit die koste om die Wêreldbeker-sokkertoernooi aan te bied, ongedaan?

Suid-Afrikaners moes baie opoffer om hierdie toernooi te kan aanbied.

Die koste van die stadions alleen kon immers 1 228 753 huise bou (teen R100 000 per huis – nie jou gewone HOP-huisie nie).

Ekonome noem dit geleentheidskoste; die prys van iets is dít wat jy daarvoor moet opoffer.

En dit is veral duur vir ontwikkelende lande, soos die wêreld se voorste kenners op die gebied van mega-geleenthede reeds voor die bodtoekenning in 2004 uitgewys het.

En die voordele?

Wel, die algemene persepsie is dat ons tot dusver maar bitter min uit die Fifa-vennootskap gewen het.

Boonop is die streng regulasies nadelig vir Suid-Afrikaanse maatskappye wat gehoop het om darem hul ware aan besoekers te verkwansel.

Besoekers sal byvoorbeeld gedwing word om Budweiser in stadions te nuttig, en word dus ontneem van die (meeste sal argumenteer, beter) Suider-Afrikaanse Castle, Black Label of Windhoek.

Daar is egter tog iets wat ek dink ons vergeet: die langtermyn-invloed op ’n land se toerisme.

In ’n onlangse studie het ek en ’n Spaanse kollega (María Santana-Gallego, ’n navorser by die La Laguna-universiteit) gaan kyk na agtien mega-sportgeleenthede wat tussen 1995 en 2006 aangebied is, en wat die invloed van hierdie geleenthede op toerisme in die gasheerlande was.

Ons het na ses verskillende toernooie gekyk wat in die betrokke elf jaar plaasgevind het: die Olimpiese Spele (Winter- én Somerspele), die Wêreldbeker-sokkertoernooi, die Wêreldbeker-rugbytoernooi, die Wêreldbeker-kriekettoernooi en die toer van die Britse Leeus.

Die resultate is baie interessant. Ons vind byvoorbeeld groot verskille tussen die verskillende toernooie.

Soos ’n mens sou verwag, neem toerisme die meeste toe vir die Olimpiese Somerspele en die Wêreldbeker-sokkertoernooi, hoewel die Wêreldbeker-kriekettoernooi en die Leeus-toer beduidende voordele inhou.

(Ek moet hier byvoeg ons het nie bloot die absolute toename in toeristegetalle gemeet nie.

Ons het ook gekontroleer vir ’n verskeidenheid ander faktore en dan die verskil bereken tussen die werklike hoeveelheid toeriste en wat die hoeveelheid toeriste sou gewees het indien die geleentheid nie plaasgevind het nie.)

Ook is daar wesenlike verskille tussen dieselfde soort toernooie. So byvoorbeeld het die Olimpiese Spele in Sydney in 2000 toerisme na Australië met 40% laat toeneem, terwyl die Olimpiese Spele in Athene in 2004 toerisme na Griekeland met 32% laat afneem het.

Die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Duitsland in 2006 het geen invloed op toerisme gehad nie, hoewel die toernooi as ’n groot sukses beskou is.

Hoe kan dit gebeur dat toerisme tydens ’n Olimpiese Spele afneem?

Die Griekse Olimpiese Spele is tydens die hoogtepunt van hulle somer gehou, die besigste tyd van hul toeristeseisoen.

Baie toeriste het dus bloot besluit om daardie jaar hul Griekse vakansie met ’n Spaanse, Turkse of Suid-Afrikaanse vakansie te vervang en sodoende die hordes atletiektoeriste mis te loop. In ekonomie-jargon is dit verdringing, of, in Engels, crowding out (ook soms displacement).

Wat veroorsaak hoë verdringing?

Soos ons in Griekeland se geval gesien het, is verdringing gewoonlik hoër tydens die somermaande.

Dit is ook hoekom die toer van die Britse Leeus, wat in die winter plaasvind, so suksesvol is – dit bring duisende toeriste sonder om bestaande toeriste te verdring (maar ook nie noodwendig nie; meer hieroor later).

Ander faktore speel ook ’n rol. ’n Beperkte aanbod van toeriste-infrastruktuur, soos hotels, lughawens en huurmotors, kan toeriste dwing om ander plekke te besoek, of om hul besoek op ’n ander tyd te skeduleer.

Namibiese jagplase vind tans dat die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Suid-Afrika hul jagtoeriste verjaag omdat vliegkoste na Johannesburg, die belangrikste node vir Namibiese reisigers, meer as verdubbel het.

Dieselfde bewyse vind ’n mens indien jy na vorige Suid-Afrikaanse toernooie kyk.

Ek en twee kollegas van die Universiteit Stellenbosch se departement ekonomie (Karly Spronk, verlede jaar ’n honneursstudent, en Krige Siebrits, ’n senior lektor) het ’n studie uitgevoer waarin ons die invloed van mega-sportgeleenthede op Suid- Afrika wou meet.

Ons het die toename in toeristegetalle tydens die maande van die sportgeleentheid bereken en getoets vir moontlike verdringing.

Die mega-sportgeleenthede waarna ons gekyk het, is die Wêreldbeker-rugbytoernooi in 1995, die Wêreldbeker-kriekettoernooi in 2003, die Twintig20-wêreldtoernooi in 2007, die Indiese Premierliga in 2009 en die Leeus-toer.

Ons het gevind dat toerisme vanaf deelnemende lande sterk toegeneem het tydens die Wêreldbeker-rugbytoernooi (sonder beduidende verdringing), in ’n mindere mate vir die Wêreldbeker-kriekettoernooi, en geensins vir die Twintig20-wêreldtoernooi nie.

Die Indiese Premierliga het toerisme vanaf Indië met 60% vermeerder, terwyl die Leeus-toer toerisme vanaf Groot-Brittanje en Ierland na Suid-Afrika met 57% vermeerder het.

Tog het ons ’n interessante verskynsel gevind. Tydens die Indiese Premierliga het die aantal Britse toeriste met 29% verminder.

Dit toon dat Britse toeriste waarskynlik tydswisselaars is (time shifters, ’n ander vorm van verdringing).

Hulle het hul standaardbesoek tydens die gematigde maande van Maart en April vervang met ’n besoek tydens Junie en Julie om met die Leeus-toer te oorvleuel.

Om dus bloot die toename in toerisme tydens Junie en Julie op te tel en daarvolgens afleidings oor die invloed van die toernooi te maak, is misleidend.

In teenstelling met die studie van SA Rugby en gepaardgaande koerantberigte wat die hoë “ekonomiese impak” van die Leeus-toer besing, het die Britse Leeus waarskynlik ’n kleinerige invloed gehad as ’n mens diegene in ag neem wat Suid-Afrika in elk geval sou besoek indien daar nie ’n toer was nie.

Sou dieselfde ook waar wees vir ons Wêreldbeker-sokkertoernooi? Moontlik. Is die Wêreldbeker-sokkertoernooi dus ’n mislukking, selfs nog voordat die eerste fluitjie geblaas is? Nee.

Inteendeel, my en Santana-Gallego se navorsing het bevind die grootste voordeel wat gasheerlande uit die Wêreldbeker-sokkertoernooi kry, is die toename in toerisme in die drie jaar voordat die toernooi aangebied word.

Ons het gevind dat lande se toerisme met gemiddeld 4% toeneem drie jaar voor die toernooi, met 6% twee jaar voor die toernooi en met 11% een jaar voor die toernooi.

Die jaar waarin die toernooi plaasvind, groei dit ongeveer met ’n verdere 13%. Daarna toon dit dieselfde groeikoers as ander lande, natuurlik nou vanaf ’n hoër basis.

Dit is baie moeilik om na een land se data te kyk en so ’n storie te vertel, wat hierdie tegniek (om na meer as een land te kyk) waardevol maak.

En dit verduidelik tog hoekom Suid-Afrika se toerismebedryf nie so erg gebuk gegaan het onder die internasionale resessie wat ander toerismebestemmings swaar getref het nie.

Ja, die Indiese Premierliga, die Leeus-toer en die Konfederasiebeker het gehelp, maar waarskynlik nie soveel soos wat ons daaraan toeskryf nie.

Daar is natuurlik ander voordele wat ons nie hier inreken nie.

’n Onlangse studie deur twee Amerikaanse ekonome (Andrew Rose en Mark Spiegel) oor die invloed van die Olimpiese Spele op handelspatrone het gewys dat sulke mega-sportgeleenthede ’n beduidende toename in internasionale handel vir die gasheerland inhou, waarskynlik as gevolg van die sein wat die gasheerland as ’n opkomende moondheid uitstuur.

Ander voordele is minder kwantifiseerbaar. Noem dit nasiebou of patriotisme. Of sommer net die Invictus-effek. Ons kan dit natuurlik nie meet nie, maar dit beteken nie noodwendig dis nie belangrik nie.

Ek was verlede Junie in ’n klein Finse dorpie in die Noordpoolsirkel. Ek en ’n kollega is na die enigste kroeg om aandete te koop.

Daar, op ’n klein skermpie in die hoek, het ek na my eerste Konfederasiebeker-wedstryd gekyk.

In die eerste vyf minute was daar ’n insetsel oor Rustenburg, met diere en Sun City en kleurvolle mense.

Die kroegman sien ons beduie en vra ons uit. Dit is ons land, vertel ek, en dis waar die Wêreldbeker-sokkertoernooi gehou gaan word.

O, seg hy, hy weet nie regtig iets van sokker af nie, maar dit lyk na ’n fantastiese plek en hy sal beslis eendag ons land op sy reise wil besoek.

Die ander ouens in die kroeg het nader geskuif en saam begin gesels. Almal wou meer weet oor ons kontinent, oor “Afrikka”.

Dáár verander hulle vooropgestelde idees, hulle persepsies, hulle drome.

Hier, in ’n veraf dorpie in die Noordpoolsirkel, is Suid-Afrika nie meer net ’n donker kol aan die suidpunt van ’n donker kontinent nie.

Dit is waar ek besef het: Ons het reeds met die Wêreldbeker-sokkertoernooi gewen, selfs nog voor die eerste fluitjie geblaas is.

Johan Fourie is ’n lektor in ekonomie aan die US.

Bronnelys:

Fourie, J. and Santana-Gallego, M. The Impact of Mega-Events on Tourist Arrivals. Stellenbosch, 2010.

Fourie, J., Siebrits, K. and Spronk, K. Tourism Displacement in a Natural Experiment. Stellenbosch, 2010.

Matheson, V. and Baade, R. “Mega-Sporting Events in Developing Nations: Playing the Way to Prosperity?” South African
Journal of Economics 72 . 2004.

Rose, A. K. and Spiegel, M. M. “The Olympic Effect” in NBER Working Paper 14854. Cambridge, MA, 2009.